# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Word wakker, en Christus sal oor jou skyn

**Skriflesing:**
Efesiërs 5:1-21;
Johannes 1:1-5

**Teksvers:**
Efesiërs 5:8-11

**Sing:**
Ps 33:2, 3, 11
Ps 32:4
Ps 25:3, 4, 5
Ps 36:2, 3
Ps 66:4, 7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Lig en duisternis staan soos twee ewige teenpole onversoenlik. God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie.

Die mense is egter duisternis. Maar die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kan dit nie oorweldig nie. As jy dan in die lig is, wandel soos 'n kind van die lig. Word wakker, en Christus sal oor jou skyn!

Ons sluit vanmôre aan by ons jaartema oor die vrug van die Gees wat bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## God se Naam is Heilig!

**Skriflesing:**
Jes 42:1-9

**Teksvers:**
Jes 42:8

**HK** Sondag 36

**Sing:**
Ps 146-1:1
Ps 96-1:1,2
Ps 145-1:1,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Hierdie gedeelte is een van die sogenaamde vier Knegliedere in die boek Jesaja nl. Jes 42:1-4; 49:1-6; 50:4-9 en 52:13-53:12. Op wie hierdie Knegliedere besonderlik wys is nie sommer net klinkklaar en duidelik nie.

Tog word hulle dikwels aangehaal in die Nuwe Testament waar dit op Jesus Christus dui. Maar wat wel baie belangrik is, is dat God self hier aan die woord is en openbaar wie Hy is en hoe sy Naam gebruik moet word, vers 6,8. God se Naam is heilig, dit beteken dit openbaar God self aan ons. Dit is 'n Naam wat bo elke ander naam verhewe is. God selfs sê dan in ons teksverse dat die eer wat Hom toekom gee Hy aan niemand anders nie, ook nie aan gesnede beelde nie. Maar in en deur God se naam word daar ook 'n groot verantwoordelikheid op elkeen wat God ken en sy Naam aanroep geplaas. Dit beteken dat ons sy Naam reg moet gebruik en nie misbruik nie.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 30 4 Sept 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## "Julle moet eerder sê: *Deo Volente*…"

Dit is opvallend hoe ons as mense so gou kan vergeet wat die belangrike lesse is wat ons al voorheen in die lewe geleer het. Hoeveel keer het u nie al self gedink: "*Ek het mos geweet ek moenie dit of dat doen nie*."

Ons het in die onlangse verlede geleer dat ons nie alle dinge in die wêreld sommer so as vanselfsprekend moet aanvaar nie. Ons het geleer dat al ons baie planne vir die toekoms in 'n oomblik kan verander. Ons het geleer hoe belangrik ons familie en ons gemeenskap van geloof is. Ons het geleer hoe noodsaaklik dit is om liggaam, siel en gees gesond te hou.

Al hierdie lewenslesse word egter soms so gou vergete as ons nie in die oog hou om God se wil te soek nie. Al die ywer en al die inspanning van ons kragte en geloofs-ambisie kan so gou verydel word as ons nie D.V. as fondament het nie.

In Jakobus 4 skryf die apostel aan lidmate in die verstrooiing oor hulle sorgelose ambisie vir die toekoms wat bloot op eie belange berus. As ons nie eers weet wat more gaan gebeur nie, hoe sien ons die lewe vooruit? Dit is maar soos 'n miswolkie!

"*Julle moet eerder sê: As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen.*" Jakobus 4:15

So moet dit ook wees met ons. Nie net om te sê: Deo Volente, as die Here wil nie, maar veral ook om te soek na die wil van die Here.

In hierdie komende weke sal ons as gemeente die Nagmaal vier en familie naweek hou. Daar sal Bybelstudies wees, en Bybelskool, daar is vergaderings en geestelike opbou. Maar dit sal alles slegs geskied D.V.

Mag die Here u toekomsplanne in gedagte hou. Mag u toekomsplanne gerig wees op die soeke na die wil van God. En mag u toekomsplanne D.V. vervul word.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

Vrug van die Gees!

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 19, Ps 40:4 Volgende week: Les 20, Ps 40:4

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Transoranje Instituut

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Familiekamp Naweek


23-25 September

**Tema: 'n Lewe vervul met die**
**Vrug van die Heilige Gees**

Die familiekamp naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

'n Volledige program sal deurgegee word nader aan die datum.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.



## Senior Aksie



Maandag, 5 Sept

om 10:00

in die kerksaal

'n Kriminoloog gaan ons kom inlig oor Seniors en Misdaad-voorkoming. Misdaad is aan die orde van die dag en seniors is so kwesbaar.

U hoef nie 'n senior te wees om na hierdie insiggewende praatjie te kom luister nie!

Indien die onderwerp u raak, kom luister gerus! Almal is baie welkom!

## Geestelike Opbou

**11 Sept 2022** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

## Bybels te Koop by die Kerkkantoor

| **Afrikaans 2020 Spesiale Aanbod** | |
|---|---|
| (beperkte voorraad beskikbaar) | |
| Gewone Druk Harde Band | R110 |

**Alle ander amptelike tale:**
Sagteband waar beskikbaar R75
Hardeband R135
Plaas u bestellings vir die volgende Bybels by die kerkkantoor:
**Groot Druk:**
Afrikaans 1983 Harde Band R300
Afrikaans 1983 Leer R525
Afrikaans 2020 Harde Band R325
Afrikaans 2020 Leer R460
**Gewone Druk Leer:**
Afrikaans 2020 R325
**Buitelandse Bybels:**
Frans, Portugees, Chichewa, Shona - Pryse beskikbaar op aanvraag

*Bybelpryse is onderhewig aan prysveranderinge by die Bybelgenootskap*

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar 'n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie.

*-Prediker 7:14-*

## Trans Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

TOIBO is 75 jaar gelede gestig om kinders met gehoor-, gesig-, fisies en leergestremdhede in vyf bepaalde skole by te staan.

Die rol van TOIBO het oor dekades heen van onderwysbystand verander na hulpverlening aan behoeftige leerders met 'n gestremdheid in hierdie vyf skole. Meer as 700 kinders uit die nagenoeg 1900 kinders word deur TIOBO gehelp met kos, klere en basiese behoeftes. Ongelukkig is die realiteit dat behoeftige kinders in spesiale onderwys toeneem en dat regeringsondersteuning vir hierdie kinders drasties afneem.

Vandag, 4 Sept, is "***Nasionale biddag vir dowes***". Ons wil u vriendelik vra om hierdie projek vandag tydens die kollekte by die deure te ondersteun.

Uittreksel van skrywe ontvang van:

Dr SP vd Schyff
ns TOIBO deputate GKSA



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Sep | Rozanne | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| | Dalene | Maritz | C04 | 27822985428 |
| | Philip | Schutte | B02 | 27827786397 |
| | Lizel | Smith | B10 | 27824191635 |
| | Lydia | v Rooyen | B10 | 27828569450 |
| 06-Sep | Erich | Coetzee | C07 | 27825685915 |
| | Henny | Rebel | A01 | 27833620536 |
| | Jan | Viljoen | C02 | 27823378351 |
| 07-Sep | Bets | Fourie | E01 | 27837271723 |
| | Erika | vd Wateren | C07 | 27824500923 |
| 08-Sep | Wilmarie | Rheeders | B05 | 27825151558 |
| | Ig | Viljoen | A12 | 27817437101 |
| 09-Sep | Isie | Breytenbach | A03 | 27845820994 |
| | Sophié | Kruger | A10 | 27728034057 |
| | Frik | vd Walt | B07 | 27713099004 |
| 10-Sep | Frikkie | Brits | C08 | 27828528037 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04-Sep | Lisa | van Biljon | A16 | 27729223393 |
| 05-Sep | Haley | Terblanché | B02 | 27799388359 |
| 06-Sep | Francois | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| 09-Sep | Erasmus | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| | Kate | Daniels | E01 | 27711352420 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Letitia Jonker is weer opgeneem in Unitas Hospitaal vir waarneming na haar operasie (A6—073 143 8967).
- Cas Swanepoel sterk aan in die Alberton hospitaal na 'n ernstige ongeluk (A12—672 3941).
- Heinrich Grimsehl sterk tuis aan na 'n breukoperasie (C9—072 259 5552).
- Annetta Lombard sterk aan in Unitas Hospitaal (A14—654 5144).
- ***Meelewing*** word betuig met Johannes en Charlaine Kruger en familie na die afsterwe van Charlaine se tante.
- **Sterkte** aan Philip en Ria Vorster wat tydelik verhuis na Abu Dhabi.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Baie dankie*

- Almal wat gehelp het met Vrydagmiddag se woestyntog oor die kerk-terrein…
- Almal wat so vinnig gereageer het op die versoek om nuwe roosbome vir die tuin te skenk. Dit word opreg waardeer. Die kerktuin gaan weer mooi blom!



## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. Installeer **glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## Afri-Duetfees 2022

Aangebied deur

GK Magalieskruin

Vrydag, 21 Oktober (19:00)

Saterdag, 22 Oktober (15:00)

Besprekings: 082 377 1112

Aangebied by **NGK Elarduspark**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

**Tieners** speel vlugbal (volleyball) na die aanddiens.

Elke jaargroep moet 'n span van 5 lede inskryf waarvan nie meer as 3 seuns of 3 meisies mag wees nie.








## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

### Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy du Toit by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.

## Breiprojek

Hallo dames! Hieronder is die lys van benodighede waarby ons Susters betrokke is. Ons ondersteun Afrikaans Toekoms Trust en Helpende Hand. Gebreide en gehekelde items kan in die *breiboks* agter in die saal geplaas word. As u belangstel in patrone, stuur asb u nommer na Heila by 0833163781.

Baie dankie vir al die items reeds ingehandig!

**Benodig**:
◊Serpe;
◊Musse;
◊Kindertruitjies vanaf 3 tot 9-jarige ouderdom;
◊Kopbande / haarbande vir vroue wat Chemo kry en
◊Barbie-popklere.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**04-Sep-22**
Tieners

**11-Sep-22**

| | |
|---|---|
| Magda vd Schyff | Blok A |
| Thereza Myburgh | Blok B |
| Marique Le Roux | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

